Talente in 'n sakkie

Het jy al 'n legkaart gebou net om uit te vind die laaste stukkie is weg? Dit is baie frustrerende en hartseer. Elke enkele stukkie van 'n legkaart is baie belangrik!

Netso is elke talent wat ons ontvang van die Here af baie belangrik.
Die wêreld meet talent aan die hoeveelheid geld wat jy daarmee verdien of hoeveel aansien jy daarvoor kry. Bv:
die hoeveelheid "followers" op Instagram of in watter spansport jy speel.
In die Bybels se tyd is die woord *talent* gebruik as massa eenheid vir munte in goud of silwer amper soos ons vandag Rand en sent gebruik. 1 Talent het dieselfde waarde gehad as ongeveer 35 kg goud.

Jesus het baie verhale en gelykenisse vertel om die mense te leer. In Matteus 25:14-30 vertel Jesus 'n baie belangrike gelykenis wat steeds vir ons in die grendel tyd baie belangrik is.

Daar was 'n eienaar wat vir sy werkers elkeen 'n paar goue muntstukke (talente) gegee volgens elkeen se bekwaamheid met die opdrag dat elkeen daarmee moes gaan woeker. Die eerste ou het vyf gekry, die tweede ene twee en die derde ene een. Die eerste twee ouens het woes aan die werk gespring en die munte verdubbel. Die eienaar was baie tevrede met die manne en het breed geglimlag. Maar die derde ou wat een gekry het, het niks gedoen nie. Dit is seker die rede hoekom die eienaar van die begin af vir die ou net een gegee het, want hy het seker vermoed dat die ou lyf gaan wegsteek. Dalk het hy geweet hy kan hom nie vertrou nie.

Wat baie interessant is, is hoe die ryk man die 2 slawe beloon:

"Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!"

In die Bybelse tyd is 'n slaaf nooit geprys nie! Nog minder kom jy deel aan jou eienaar se vreugde. Hierdie eienaar gee dit albei en hy gee nog meer verantwoordelikheid aan die 2 slawe… EN die slawe is bly daaroor! WOW.

Om te bid en Bybel te lees is 'n talent wat God ons gee. Die wêreld gaan nie sien hoe jy daarmee woeker nie, maar hoe meer tyd en aandag jy daaraan spandeer hoe meer gaan jou verhoudings-talent met Jesus verdubbel. Jou verhouding met Jesus word sterker en dieper. Omdat jy 'n verhouding met Jesus het, gaan jou geestelike oë oop om meer geleenthede raak te sien om goed te doen en die Goeie Nuus uit te dra. Begin om te bid op jou knieë jy het nou die tyd!

Onthou!!!

God gee vir jou gawes volgens jou bekwaamheid. Dit beteken Hy weet waartoe jy instaan is en wat jy kan hanteer.

Hy los jou nooit alleen nie, want Hy het vir ons 'n Helper sy Heilige Gees gestuur om ons te help. Die Bybel sê: "Vra vir God as dit nie vir jou duidelik is wat Hy wil hê jy moet doen nie. Hy sal jou eenvoudig daardie wysheid gee, en jou nie verwyt dat jy dit gevra het nie." (Jakobus 1:5NLV)

Die Bybel God se Woord is jou kompas en jou lig op die pad (Ps 119: 105)

Doen jou bes om jou werk so te doen dat God trots sal voel op jou. Dan sal jy nie skaam hoef te voel omdat jy die boodskap van die Here so vir ander vertel dat hulle kan leer wat die waarheid regtig is nie. (2 Timoteus 2:15-16 NLV)

Max7 parable of talents animation: https://www.youtube.com/watch?v=bbPKhYBaWRg
Parables of Jesus: The Parable of the Talents: https://www.youtube.com/watch?v=Havcr-2Kx30

B I N G O

Cheer up the sad	take your neighbor cookies	Pray for the prophet	Babysit for free	Help clean up after activities
Help set up chairs for an activity	pray for the missionaries	help a lost child	Make someone's bed	smile "heart attack" new neighbors
Hi! Say Hi	help shovel snow	Free Space	Pray for the sick	Make a "get-well-soon" card
Cook dinner	Collect clothes to donate to local charities	Collect toys for children in need	Bring Someone breakfast in bed	Share your food
Listen	get someone a drink	Call someone on their birthday	Clean someone elses windows	do extra chores

Speel en dink anders

Speel monopoly bietjie anders deur die straat name te verander na vrug van die Gees name. Bv: Aliwal straat word vriendelikheid of Eloff straat word Eerlikheid.



Maak 'n lys van jou talente. Kan jy daarmee kan woeker?